**PREEK: 3 JULIE 2022**

**TEMA: Lê JOU KROON NEER**

“Hulle het na Johannes toe gekom en vir hom gesê: “Rabbi, Hy wat oorkant die Jordaan by u was, van wie u getuig het, weet u, Hy doop ook, en almal gaan na Hom toe.” … Julle is self my getuies dat ek gesê het: ‘Ek is nie die Christus nie. Ek is maar net voor Hom uit gestuur.’… *Hy moet meer word en ek minder.*”

***Johannes 3:26, 28, 30 (AFR 83)***

“Reg rondom die troon was daar vier en twintig ander trone, en op die trone het daar vier en twintig ouderlinge gesit. Hulle het wit klere aangehad, en op hulle koppe was daar goue krone…Elke keer wanneer die lewende wesens heerlikheid, eer en dank toebring aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, kniel die vier en twintig ouderlinge voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe. *Hulle sit dan hulle krone voor die troon neer en sê*: “Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep.””

***Openbaring 4: 4, 9-11 (AFR83)***

**HOE HANTEER EK EN JY TROTS OF HOOGMOED?**

*“Pride must die in you, or nothing of heaven can live in you.”*

***Andrew Murray***

“God is egter besig om ons steeds meer genade te gee om aan Hom getrou te wees. Daarom sê die Skrif: “God weerstaan hoogmoedige mense, maar aan nederige mense gee Hy genade.””

***Jakobus 4:6 (NLV)***

**HOE GAAN JY IN JOU LEWE TOETS VIR TROTS EN NEDERIGHEID?**

- Hoe reageer jy teenoor KRITIEK
- Hoe reageer jy teenoor VERWERPING?
- Hoe reageer jy teenoor ADVIES?
- Hoe reageer teenoor AANMOEDIGING?

“Nee, broers en susters, ek reken self nie dat ek al is wat ek moet wees nie, maar een ding is seker: ek vergeet dit wat agter my lê, en strek my uit na dit wat voorlê.”

***Filippense 3:13 (NLV)***

“Hy [Jesus] moet meer word en ek minder.”

***Johannes 3:30 (AFR83)***

“So sê die Here: Die wyse man moet nie in sy wysheid roem nie, die soldaat nie in sy krag nie, die ryk man nie in sy rykdom nie. Laat hom wat wil roem, daarin roem dat hy insig het en My ken. Ek is die Here. Ek bewys liefde, reg en geregtigheid op die aarde, want dit is wat Ek wil hê, sê die Here.”

***Jeremia 9:23-24 (AFR83)***